WEEK 12 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

GEMEENTENUUS

NG Koppies bied aan… 'n Manne-aand met die tema, *Hoop onder alle omstandighede*:



NG Bethlehem: ***Die kerkgebou is geleë in Kerkstraat 48, vir enige navrae, kontak vir dr Hannes de Kock op 082 885 5163***

NG Pellissier: ***Kerkgebou is geleë te Vlakfonteinlaan***

NG Fauresmith se "Rof en Stof"-bergfietsrit en basaar: Hierdie geleentheid vind op **Saterdag 4 Mei 2019** by die Skougronde in Fauresmith plaas. Vind al die inligting **hier**.

NG Zastron bied aan:

NG Bedelia, Welkom se Wildsfees:

Alhoewel dit nog geruime tyd is voordat hierdie geleentheid plaasvind, wil die gemeente reeds met die bemarking daarvan begin. Klik gerus **hier** vir al die besonderhede rakende die geleentheid, asook die kompetisie wat daarmee saamloop.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

PASTORALE BERADINGSKURSUS - *Hoe berei ek my kind voor op toekomstige trauma? (Ontwikkeling van emosionele intelligensie):* Hierdie kursus vind **op Saterdag 25 Mei 2019** in Potchefstroom plaas en word deur **prof Wentzel Coetzer** aangebied:

Daniel Siegel en Tina Payne Bryson toon in hul boek, *The yes brain child,* treffend aan hoedat 'n kind gehelp kan word om ja te sê vir die wêreld. Die riglyne is daarop gerig om hulle aan te moedig om hul denke oop te stel vir nuwe uitdagings en nuwe geleenthede en ook te besef oor watter potensiaal hulle reeds beskik - dit gaan daaroor om aan hulle 'n *Ja-Brein* te gee. Hierteenoor veroorsaak 'n *Nee-Brein* dat die kind in reaksie is teenoor ander en dit maak dit bykans onmoontlik om te luister, te fokus en goeie besluite te neem. Wanneer ouers en opvoeders help om 'n *Ja-Brein* by kinders te vestig, impliseer dit tegelykertyd ook die vestiging van emosionele intelligensie, asook vaardighede om krisisse en trauma in die toekoms te kan hanteer. In hierdie kursus gaan daar enersyds gelet word op die belangrikste riglyne vanuit Siegel en Payne Bryson se boek en andersyds ook in watter mate dit ooreenstem met soortgelyke beginsels wat eeue gelede reeds in die Woord vasgelê is.

Plek: Studente Hervormde Kerk, Silwerstraat 19, Potchefstroom (net langs klein kragstasie)
Datum: Saterdag 25 Mei 2019 - sluit in verversings en sleutelnotas
Tyd: 08:00 - 13:00
Akkreditering: VBO- en CPSCpunte
GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
Koste: R350pp (egpare is R600)
Handleiding te koop - opsioneel: R180 (posgeld R99 ekstra - PostNet)
Om te bespreek: Betaal vooraf die nodige fooie by: Capitec spaarrek: 148 7438 425 - takkode 470 010 – reknaam, Prof WC Coetzer (bevestig betaling asseblief per e-pos)
Navrae: 083 660 0409 of 082 577 8810 of e-pos wentzelc@gmail.com

Aurora Werkswinkel - Die behandeling van persone met substansgebruiksversteurings: Hierdie geleentheid is gerig op professionele persone, ***ook predikante***, wat nie spesifieke opleiding het in die spesiale vaardighede wat nodig is om effektiewe dienste aan mense met substansgebruiksversteurings te kan lewer nie. Die doel van hierdie werkswinkel is om 'n basiese inleiding tot die identifisering en bestuur van substansgebruiksversteurings te bied. Werkswinkels deur die SANCA Aurora Sentrum, word op verskeie plekke aangebied en die **geleentheid in Bloemfontein vind op 24 & 25 Junie 2019** plaas. Klik **hier** vir meer inligting en die registrasievorm. Vir enige navrae, kontak vir Marietjie Landsberg op 051 447 4111 (k), of per e-pos by info@auroracentre.co.za

Klik **hier** vir 'n 2019-Jaarprogram van die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling se opleidingsgeleenthede.